BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Donderdag 30 Maart 1978 | WINDHOEK | Thursday 30 March 1978 | No. 3721

INHOUD: *Bladsy*

PROKLAMASIE:

No. AG. 17 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Binnelandse Sake), 1978 1

CONTENTS: *Page*

PROCLAMATION:

No. AG. 17 Executive Powers (Interior) Transfer Proclamation, 1978 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 17 Maart 1978)

No. AG. 17 1978

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 22 Maart 1978

BYLAE

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 17 March 1978)

No. AG. 17 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF THE INTERIOR TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 22 March 1978

SCHEDULE

Definition

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

Oordrag van administrasie van Departement van Binnelandse Sake

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Binnelandse Sake van die Republiek van Suid-Afrika in die Departement van Binnelandse Sake geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

Toepassing van wette

3. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op —

(a) die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet 44 van 1949);

(b) die Wet tot Reëling van Vertrek uit die Republiek, 1955 (Wet 34 van 1955);

(c) artikel 14(1)(a) en (c), die verwysing na die Minister in artikel 26(2), artikels 40(1)(a) en (3) en 50 van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972);

(d) die Wet op Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974).

(2) Die bepalings van artikel 3(1)(c) van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van artikel 3(2) daarvan, nie van toepassing nie op —

(a) artikel 12(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937);

(b) paragrawe (a) en (b) van artikel 189(1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951);

(c) die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961);

(d) die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963);

(e) artikel 8 van die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971 (Wet 63 van 1971);

(f) die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972).

Transfer of administration of Department of the Interior

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of the Interior of the Republic of South Africa in the Department of the Interior, shall be carried on by the Administrator-General.

Application of laws

3. (1) The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to —

(a) the South African Citizenship Act, 1949 (Act 44 of 1949);

(b) the Departure from the Republic Regulation Act, 1955 (Act 34 of 1955);

(c) section 14(1)(a) and (c), the reference to the Minister in section 26(2), sections 40(1)(a) and (3) and 50 of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972);

(d) the Publications Act, 1974 (Act 42 of 1974).

(2) The provisions of section 3(1)(c) of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of section 3(2) thereof, not apply to —

(a) section 12(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937);

(b) paragraphs (a) and (b) of section 189(1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951);

(c) the Marriage Act, 1961 (Act 25 of 1961);

(d) the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act 81 of 1963);

(c) section 8 of the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971 (Act 63 of 1971);

(f) the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972).

(3) Ondanks die bepalings van artikel 3(1)(a) van die Algemene Proklamasie word 'n verwysing na Regering in artikel 26(2) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), uitgelê as 'n verwysing na ook die Administrateur-generaal.

Herroeping van artikel 23 van Wet 59 van 1972

4. Artikel 23 van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972, word hierby herroep.

Kort titel

5. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Binnelandse Sake), 1978.

(3) Notwithstanding the provisions of section 3(1)(a) of the General Proclamation a reference to the Government in section 26(2) of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972), shall be construed as including a reference to the Administrator-General.

Repeal of section 23 of Act 59 of 1972

4. Section 23 of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972, is hereby repealed.

Short title

5. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Interior) Transfer Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.